# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 15 SEPTEMBER 2019**

*"Die Here luister na die gebed van dié wat alles verloor het, Hy sal hulle gebed nie verag nie". (Psalm 102:18)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

**09:00—Eredienste**

Kerk (ds Danie)

Vleesbaai (ds André)

Sinodale offer vir Bediening aan die Jode

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |
| Gr 11 | Geen |

## VOLGENDE SONDAG:

**09:00—Eredienste**

Kerk (ds Robert)

Vleesbaai (dr M Pauw)

Spesiale Offer vir die Stranddienste

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Skoolvakansie |
| Gr 7-8 | Skoolvakansie |
| Gr 9-10 | Skoolvakansie |
| Gr 11 | Geen |

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



| | |
|---|---|
| **MAANDAG:** | 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie) |
| **DINSDAG:** | 09:00 Bybelstudie (ds Robert)<br>09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)<br>09:30 Bybelstudie saal (ds André)<br>19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert) |
| **WOENSDAG:** | 15:00 70-PLUSSERS LENTETEE in die saal |
| **DONDERDAG:** | 06:00 Manne saambid in saal<br>09:00 Bybelstudie Vleesbaai/Rietvlei (ds Robert) |
| **VRYDAG:** | Skole sluit tot 30 September |

### NUWE MENSE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.

Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.

# IN FOKUS:

**KOSKAS:** SEPTEMBER is Streek C se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Sinodale offer Zim'we/ Malawi/Mosambiek was R4898-60.

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**KERKRAAD:** Ina Cronjé van Maroelastraat is verkies tot die Bestuurskerkraad. Baie geluk!

**MANS SAAMBID:** Donderdae is baie geseënd. Die mans kom om 06:00 bymekaar, drink koffie, gesels oor 'n Skrifgedeelte, en paar gebede volg. Ons sluit af teen 06:45.

**VROUE SAAMBID:** Is daar belangstelling dat die vroue ook so saamkom vir gesels en bid? Indien wel, laat weet asb een van die dominees (sms, whatsapp of epos) of die kerkkantoor. Gee asb u naam en so twee moontlike tye wat u sal pas. 'n Moontlike tydgleuf is Woensdag 09:15, net voor die breigroep begin.

**70 PLUSSERS:** Ons nooi alle 70+ lidmate uit na 'n heerlike middagtee op 18 September 2019 om 15:00. Kontak die kerkkantoor voor 16 September, SLEGS as u dit KAN BYWOON. Almal is welkom!



**BREI– EN HEKELGROEP**: Vroue kom Woensdae 10:00 by die kerksaal bymekaar. Hulle is gewoonlik besig met verskillende projekte en het al vir die konsentrasiekamp in Jordanië, Herberg Kinderhuis, trauma eenheid van die SAP, Provinsiale hospitaal items gemaak. Tans is hul besig met kombersies vir kinders met kanker. Enige een is welkom om by hul aan te sluit. Dit raak sommer 'n heerlike kuier ook! Skenkings van wol of kontant sal ook baie waardeer word.



**GEWELD IN ONS LAND:** Die NG Kerk Wes-Kaapland se moderatuur skryf as volg aan gemeentes: "Geweld teen vroue en kinders in SA neem skrikwekkende afmetings aan. As kerk is ons geroep om te staan by dié wat kwesbaar of weerloos is. Daarom versoek ons elke gemeente om op Sondag, 15 September tydens die erediens spesiaal tyd in te ruim as geleentheid van protes, vermaning en bewusmaking van die slegte kultuur van minagting van die vryheid en menswaardigheid van vroue en kinders in ons land."

**GEBEDSBYEENKOMS:** Mosselbaai hou kwartaalliks 'n interkerklike gebedsbyeenkoms vir die dorp. Hierdie kwartaalse byeenkoms is vanmiddag, 15 September om 15:00 in KwaNonqaba. Die 4 sake waarop gefokus word, is geweld teen vroue en kinders, bendegeweld in skole, eenheid in die kerk en gemeenskap, xenophobia en dwelmvrye skole en gemeenskappe. Eenheid in die kerk en gemeenskap. As iemand belangstel om daar te gaan saambid, kontak ds André.



# DROOGTEHULP

Na 'n gesprek met van ons boere oor die droogte, en wat ons as gemeente kan doen om te help, was 'n klompie boere dit eens dat ons boere moet help in die ergste drooggeteisterde gebiede. Dit is boere wat nie net voernood het nie, maar wat nie eers meer 'n tenk diesel in 'n bakkie kan ingooi nie, en wie nie meer self kos het om te eet nie. Die plaaslike VLV takke gaan ook uitreik na boere in die ergste drooggeteisterde dele. Die Noord-Kaapse boere gaan deur die ergste droogte in 50 jaar! Vanaf 1 Augustus is die Noord-Kaap amptelik as rampgebied verklaar.

Daar is 'n persoon wat meer kontak met boere se nood het as enige iemand anders waarvan ons weet. Hy het al oor die 800 vragte voer en ander hulp aan boere verskaf. Baie sal al van hom gehoor het, sy naam is Burre Burger van Vredendal. Boere en skenkers kontak hom daagliks, en hy reageer met 'n geloofshart op alle versoeke wat hy moontlik aan kan voldoen, en die Here maak die onmoontlike moontlik!

Daar is al hoe meer versoeke van boere wat nie meer kos vir hul werkers of hulle gesinne kan verskaf nie. Ons het gehoor van boere wat hul kinders in die koshuis los naweke, omdat hulle nie genoeg kos by die huis het nie. Burre het begin met spensprojekte op verskillende dorpe, die mees onlangste is aan die begin September in die dorp Rietbron begin.

Dit is hier waar ons kan help. Theunis Kritzinger help vir Burre in Mosselbaai, en het 'n depot in Voorbaai vanwaar hulle voedsel neem na plekke waar daar nood is. Hy sal dit waardeer as ons ook self kan ry en 'n vrag gaan aflaai by een van Burre se projekte.

Ons kan op die volgende twee maniere help.

* Deur nie-bederfbare kosprodukte na die kerksaal te bring, deur die week en ook na volgende Sondag se erediens. Waspoeier, shampoo, skoonmaakmiddels, toiletpapier is ook welkom.
* Ons kan ook geldelike bydraes maak om die produkte wat hier is te vervoer na plekke waar dit benodig word. Die geld wat oor is kan vir Burre se droogtefonds geskenk word. As u dit in ons gemeenterekening inbetaal, merk dit duidelik as droogtehulp. Kontantbetaling kan ook by die kerkkantoor gedoen word. Ons vertrou die Here om ons instaat te stel om ander in nood te seën. Direkte betalings aan die Burre droogtehulpfonds kan gemaak word aan: Droogtehulp met Burre, FNB, Vredendal tak 200406, rekeningnr: 6272 185 8522.



***Kom ons gee geleentheid tot volgende week en Sondag om produkte te bring. Ons pak alles voor die gordyn op die verhoog. Kom ons kyk of ons 'n goeie vrag vanuit ons gemeente kan ry.***

# GEBEDSBULLETIN

***September se tema*:** **GETROUHEID**

Intense swaarkry, worsteling kalwe aan ons vertroue.
Wanneer vertroue verdwyn, verdwyn getrouheid kort daarna.

## DANKSEGGING:

* Vir getuienisse van mense wat getrou bly bid vir 'n saak of die redding van mense.
* Vir elke belofte tov die gemeente se Getuienisaksie.
* Vir mense se "hande-vat" tov droogtehulp.

## GEBED EN SMEKING:

* Bediening aan die Jode (deuroffers). Bid vir me Cecilia Burger wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.
* Vir die verbreking van die slegte kultuur van minagting van die vryheid en menswaardigheid van vroue en kinders in ons land.
* Vir praktiese oplossings tov geweld teen vroue en kinders, bendegeweld in skole, dwelms in skole en gemeenskappe en xenophobia.
* Eenheid in die kerk en gemeenskap van Mosselbaai.
* September is Kinder-kanker bewustheidsmaand. Bid vir kinders met kanker - ook vir hulle gesinne en versorgers.
* Die droogte in groot dele van ons land - veral Karoo en Noord-Kaap, Sommige plekke is daar nie kos of water vir diere nie, die mens het nie kos nie en daar is nie diesel vir voertuie nie.

**FINANSIËLE BYDRAES:**

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)

**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886





**PRETSTAP:** In samewerking met KANSA hou Brandwacht Gemeente 'n pretstap ten bate van Kansa en kankerpasiënte op Dinsdag, 24 September 2019. Dit begin en eindig by die Ruiterbosch Lodge op die R328 – oorkant Eight Bells. Daar word ook vleisgebraai op "nasionale braaidag" en ander lekkernye sal te koop aangebied word. Pryse is ook te wen....so kom met die hele gesin en ondersteun Kansa se "Shades of Pink" veldtog.

Afstand: 6 km
Tyd: Inskrywings vanaf 08:00, Wegspring 09:00, Prysuitdeling 11:00
Kostes: R30
Kontak: ds Tertius Conradie 082 9218671 of Liesel Coetzer 044-696 5141/0834222141



**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Heila du Toit Santos Haven, Koos Marx Blombosch, André du Preez Hoogstr, Marietjie Barnard Hartenrus, Celia vd Heyde 17de Laan, Jenny Dempsey Fijnboschpark, Olive Muller Vleesbaai.*

**STERFTE:** *Pa van Elna Conradie Danabaai.*

# PERSONEEL INFO:

**KERKKANTOOR:**
Telefoon: 044-690 3552
ngkerkmsb-suid@absamail.co.za

Kantoorure:
Maandag 10:00—12:30
Dinsdag—Vrydag 07:30—12:30

**KASSIER, SAALBESPREKINGS, ONTVANGS, LIDMAATREGISTER:**
Maretha Fourie 044-690 3552

**SKRIBA, FINANSIES, ADMIN– EN KOMMUNIKASIEBEAMPTE:**
Lezelda Faul 044-690 3552

**KOSTER:**
Nic Olivier 072 485 1316

**ORRELIS:**
Cobus du Toit 072 645 3194

**PREDIKANTE:**
Ds Danie: 044-691 1450
084 701 4386
dsdansmit@gmail.com
Ds André: 044-693 2462
084 613 2462
andrekritzinger01@gmail.com
Ds Robert: 044-691 2244
084 684 1304
robmar@cybersmart.co.za

